
Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Ná virus kan stropers weer toeslaan

## Olifantstropery op rekordlaagte

30 September 2021 | Omgewing



1.

0 0 0

Elvira Hattingh – Sodra die wêreld Covid-19 onder beheer kry, kan stropery – veral die stroping van olifante – weer die hoogte inskiet. Dit sal dan die opgeboude vraag na ivoor in die wêreld se swartmarkte moet inhaal.

Mnr. Daniel Stiles, 'n onafhanklike ondersoeker wat dekades reeds spesialiseer in onwettige markte en handel in wild en wildprodukte, waarsku dat 'n onlangse styging in swartmarkprys vir ivoor in Viëtnam en China onrusbarende tekens is.

Hy het die opmerkings in 'n verslag gemaak wat deel vorm van 'n reeks deur die Wêreldwye Inisiatief teen Transnasionale, Georganiseerde Misdaad (GI-TOC). Hierin word markdinamika asook die handelspryse van onwettige wild en wildprodukte onder die loep geneem.

Stiles meen alhoewel stropingsyfers van olifante die laagste punt sedert 2003 bereik het, kan dit alles binne die volgende twee jaar verander aangesien daar steeds 'n sterk vraag na ivoor bestaan.

INPERKING

“Sporadiese inperkings van stede en lande het vervoer op onvoorspelbare maniere omver gegooi. Dit het die beweging, verskeping en vlieg van onwettige produkte geraak.

“Aan die ander kant het die pandemie ook 'n verwoestende impak op wildbewaring gehad as gevolg van die ineenstorting van buitelandse toerisme en jagbedrywighede, wat belangrike geldbronne was vir nasionale beskermde gebiede asook in wildparke en private of gemeenskapsbewaringsgebiede.

“Die finansiering van teenstropingsaktiwiteite asook basiese kostes is gesny, insluitend personeel se salarisse. Dit skep geleenthede vir stropers aangesien dit sekuriteitsmaatreëls verminder,” het hy geskryf.

Hy meen dit mag gebeur dat Amerika en Europa reeds teen volgende jaar beheer oor Covid-19 kan kry, terwyl die res van die wêreld teen 2023 'n greep op die virus kan hê – hetsy deur middel van inentings of ander maatreëls.

“Die prys vir onverwerkte ivoor is ver onder die piek van 2014, maar dit is weer besig om te styg.

“Ook is die beslaglegging op meer as 500 kg se ivoor, wêreldwyd in 2019, die hoogste sedert 2013. Dié syfers het egter in 2020 platgeval as gevolg van Covid-19-inperkings.”

Die Chinese het tot 'n mate belangstelling verloor om ivoor as 'n belegging te koop. Die verkoop van nasionale ivoorvoorrade het die swartmarkprys verder drasties laat daal. Terselfdertyd het die opbreek van transnasionale kriminele netwerke in Oos- en Suidelike Afrika daartoe gelei dat ivoorstropery en onwettige handelsaktiwiteite na Wes- en Sentraal-Afrika verskuif is.

“Talle beslagleggings op ivoor asook verbruikersopnames wys egter dat daar steeds 'n sterk vraag na ivoor in Oos-Asië is. Die verkoop van nasionale ivoorvoorade in beide Afrika en China het klaarblyklik die ivoorprys onderdruk en tesame daarmee ook olifantstropery vanaf 2015.”

Namibië het veral oor die afgelope agt jaar 'n sterk afname in die stroping van olifante gesien.

Volgens syfers wat deur die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme bygehou word, blyk dit dat olifantstropery jaarliks verminder. Terwyl daar in 2016 tot bykans 101 olifante gestroop is, was dit in 2019 en 2020 onderskeidelik net 13 en 12.

In 2014 is 78 olifante gestroop, met 50 in 2017.

Die woordvoerder van die ministerie, mnr. Romeo Muyunda, het voorheen aan Republikein gesê die afname is te danke aan die feit dat wetstoepassers strenger optree as dit by wildmisdaad kom – in samewerking met verskeie wetstoepassende agentskappe.

Stiles sê olifante kom die meeste in Suider-Afrika voor en die minste in Wes-Afrika. Sedert 1995 het Suider-Afrika die grootste olifantbevolking, gevolg deur Oos- en Sentraal-Afrika. - elvira@republikein.com.na